**Diva.**

Isa Konrad. Pretoria: Lapa Uitgewers, 2013. 366pp. ISBN: 978-0-799-35932-9.
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v50i2.29

*Diva* is Konrad se derde roman in die spanningsfiksiegenre. Konrad het reeds agt liefdesverhale geskryf, maar eers in 2010 begin om spanningsverhale te skryf (*Die Ondenkbare,* 2010 en *Soenoffer*, 2011). Konrad het in Namibië grootgeword maar ná skool na Switserland geëmigreer. In 2001 het sy en haar gesin teruggetrek na Suid-Afrika as gevolg van haar man se werk. In 2008, ná sewe jaar in Suid-Afrika, emigreer die gesin weer terug na Switserland waar hulle steeds bly.

In *Diva* word 'n reeks moorde op bekendes gepleeg wat aanvanklik voorkom asof hulle geen konneksie met mekaar het nie. Deborah Deysel word by die moorde betrek omdat Marcel Alinberg sterf kort nadat sy hom by 'n operavertoning gaan besoek het. Luitenant Janek Baptiste word opgeroep om die moorde op te los en saam ontdek Deysel en Baptiste dat die moorde wel 'n motief gemeen het, naamlik wraak. Konrad bou deurgaans aan die storielyn deur interessante kinkels by te voeg en hou die leser tot aan die einde van die roman aan die raai.

In albei die bogenoemde titels asook in *Diva* (2013) is daar verskeie aspekte wat ooreenstem. In die eerste plek word twee elemente, liefde en moord (of dood), ingesluit. Die storielyn word so gestruktureer dat liefde en moord parallel met mekaar loop en mekaar in 'n mate voed—moord en dood lei tot die ontdekking van liefde. Hierdie liefde kom egter in verskillende vorms voor, dit kan liefde as verlange, liefde as 'n fisieke aantrekking, liefde as omgee of liefde as 'n seksuele verhouding wees. Die tweede ooreenkoms is die insluiting van 'n spanningselement. Konrad kry dit reg om die spanning in die romans so te struktureer dat die leser nie voor die einde van die roman by die waarheid uitkom nie.

Alhoewel *Diva* as 'n speurroman beskryf kan word, is daar sterk elemente van die liefdesverhaal in hierdie roman teenwoordig. In *Diva* is dit hoofsaaklik die twee hoofkarakters (Deysel en Baptiste) se beroepe en hulle verhoudings met die slagoffers van die geweld wat 'n verhouding tussen hulle aan die begin onwaarskynlik maak, alhoewel die leser vermoed dat die twee karakters in 'n verhouding betrokke gaan raak.

Die verhouding tussen Baptiste en Deysel vind nie in die gewone volgorde plaas nie. Baie vroeg in die verhaal ontstaan daar reeds 'n seksuele verhouding tussen die twee hoofkarakters. Dit is eers daarna dat hulle emosionele verhouding begin ontwikkel. 'n Seksuele verhouding loop met ander woorde 'n emosionele verhouding vooruit en dit is die karakters se beroepe en karaktereienskappe wat hulle *emosionele verhouding* bemoeilik, nie hulle seksuele verhouding nie. Konrad kry dit in 'n mate reg om die "resep" van die liefdesverhaal op hierdie manier te verander en interessanter te maak, maar dit neem van die spanning weg wat in 'n liefdesverhaal ontstaan wanneer die karakters eers 'n emosionele band het voor 'n fisieke ervaring.

Konrad behou deurgaans 'n intense fokus op emosie in die roman wat verklaar kan word deur 'n stelling wat Konrad self oor *Diva* gemaak het. Volgens 'n video wat Konrad op Youtube (http://www.youtube.com/watch?v=-AV_X9r75Ss) geplaas het waarin sy oor *Diva* gesels, is emosies 'n baie belangrike kenmerk van die opera-omgewing. Sy het beplan om die sterk emotiewe aard van opera te ontgin en in *Diva* se storielyn te inkorporeer. Emosies word in die roman geïntensiveer deur die karakters in kwesbare posisies te plaas en in hierdie situasies toe te laat dat hulle eienskappe van hulself en gevoelens wat hulle mag beleef aan mekaar openbaar. Konrad gebruik ook dramatiese beskrywings van emosies en die omgewing waarin karakters hulself bevind om sekere situasies in die roman meer tref-

krag te gee. Deur vir die leser ’n meesterlike beskrywing van ’n emosionele toestand (of ’n omgewing) te gee, vermeerder Konrad die trefkrag van verskeie tonele waar daar min dialoog tussen die karakters plaasvind:

> Sy staan vasgenael in die middel van die vertrek. Woede, selfverwyt, berou; sy het niks anders verwag nie, maar wat sy voel, is nog soveel erger. Hier in hierdie kamer het Marcel gesterf, dalk hier waar sy nou staan, en hy was stoksielalleen. Sy hou haar bors vas, want dit pyn. Swart vingers kruip oor die rand van haar gesigsveld en onsigbare insekte skree in haar kop. Sy begin histeries raak, besef sy. (196)

Konrad kry dit reg om dramatiese beelde en beskrywings deur die loop van die storielyn te inkorporeer sonder dat dit steurend raak. Wat wel later begin pla, is die getwis tussen Baptiste en Deysel. Omdat die opwinding dat daar moontlik ’n fisieke verhouding tussen die karakters kan ontstaan alreeds aan die begin van die roman van die leser ontneem is, dra twis tussen die karakters nie by tot die bou van spanning tussen die karakters nie en word dit teen die einde van die roman oorbodig.

*Diva* is nietemin ’n goeie speurroman. Konrad se storielyn het verskeie onverwagte elemente wat die leser geïnteresseerd hou en Konrad se beskrywings in die roman wakker die leser se verbeelding aan.

*Lezandra Thiart*
Lezandrathiart@gmail.com
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria